

HUISTAAL
Graad 11
Riglyne vir die assessering van Leeruitkoms 2: Lees en Kyk
Poësie: Opstel

Leeruitkoms: *Die leerder is in staat om te lees en te kyk vir begrip, om krities te evalueer en om op 'n wye verskeidenheid tekste response te lewer.*

Assesseringstandaarde

- Evalueer die betekenis van 'n wye verskeidenheid geskrewe, visuele, oudio- en oudiovisuele tekste:
 - vind toepaslike inligting en besonderhede in tekste;
 - ontleed hoe seleksie en weglaat van inligting betekenis beïnvloed;
 - onderskei tussen feite en menings en verduidelik eie respons;
 - verduidelik die verskil tussen direkte en geïmpliseerde (verskuilde betekenis);
 - verduidelik die skrywer/verteller/karakter se standpunt/perspektief en gee bewyse uit die teks;
 - ontleed en verduidelik die sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste en toon aan hoe dit betekenis beïnvloed;
 - ontleed die impak op die betekenis van 'n teks van 'n verskeidenheid taal- en literêre stylmiddels;
 - gee en motiveer, met oortuiging, persoonlike response op tekste.
- Evalueer hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste:
 - evalueer die sosio-kulturele en politieke waardes, houdings en oortuigings...;
 - ontleed die aard van partydigheid, vooroordeel en dikriminasie
- Verken en evalueer die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep word:
 - *literêre tekste:

Poësie

- verduidelik hoe woordkeuse, stylfigure, beeldspraak en klank gebruik word om stemming, betekenis en tema uit te druk;
- verduidelik hoe versreël- en strofobou, rym, ritme en punktuasie betekenis skep en/of beïnvloed.

Poësie: Opstel

- Die volgende onderafdelings kan as riglyne gebruik word.
- Natuurlik hoef al die aspekte nie in elke gedig bespreek te word nie. Net die vraag moet beantwoord word.
- Onthou: 'n stelling of mening moet deur 'n aanhaling uit die gedig gestaaf word.

“As ’n mens ’n gedig ontleed, ontleed jy eintlik nie die gedig nie, maar die effek daarvan op jou as leser.”

- Philip Hobsbaum: *Essential Criticism*, p. 19

1. Die betekenis of tema

- 1.1 Wat gebeur in die gedig? Wat is die **storie, die situasie of die ervaring** wat die gedig beskryf? Gee ’n kort parafrase of opsomming, gewoonlik strofe vir strofe.
- 1.2 Die **tema of kerngedagte**. Waarom het die digter die gedig geskryf? Watter boodskap of les moet ons as lesers daaruit leer?
- 1.3 Die **titel**. Verskaf dit ’n sleutel om die gedig mee oop te sluit?
- 1.4 Die **spreker**:
 - Wie praat in die gedig?
 - En met wie word gepraat?
 - Wat is die omstandighede?
 - Wat is die spreker se houding teenoor sy of haar onderwerp? (Is die spreker bv. spottend, bewonderend, liefdevol, krities of woedend)?
- 1.5 **Woordkeuse**
 - Is die woordgebruik bv. formeel, kinderlik, vol sleng of in Kaaps?
 - Wat is die woorde se *denotasies* en ook *konnotasies*? (Gebruik die woordeboek.) Pas die woorde by die betekenis of die tema?
 - Wat is die oorheersende **toon** van die gedig? Die toon skep die stemming of gevoel van die gedig en sekere woorde kan help om die stemming of toon te skep
 - **Beeldspraak**: Is die gedig byvoorbeeld simbolies? Verduidelik hoe vergelykings, metafore, personifikasie, metonimia, sinekdogee en antonomasia stemming, betekenis en tema uitdruk.
 - Watter **stylfigure**, bv. Eufemisme, hiperbool, ironie, satire, litotes, sarkasme, sinestese, metafoor, metonimia, klimaks en oksimoron sien jy raak? Verduidelik die styleffek daarvan op die stemming, betekenis en tema.
- 1.6 Verwysings: Watter verwysings is daar na bv. die geskiedenis, die mites, die Bybel, na bekende persone of na ander gedigte? Wat is die gevolg hiervan?

2. Die versreël- en strofepbou (vorm)

- 2.1 Hoe *lyk* die gedig op die bladsy? D.w.s. wat is die *struktuur of vorm* van die gedig? Het dit ’n vaste, tradisionele bou, soos ’n sonnet of is dit ’n voorbeeld van ’n vrye vers?
- 2.2 Het dit strofes wat ooreenstem, bv. kwatryne?
- 2.3 Enige ander interessante eienskap? Waarom het die digter hierdie spesifieke bou gekies?
- 2.4 Hoe is die *gedagtes georden*? Handel elke strofe bv. oor ’n afsonderlike gedagte?
- 2.5 Is daar *progressie* wat oploop tot by die klimaks aan die einde?

2.6 Verduidelik hoe versreël- en strofepbou betekenis skep en/of beïnvloed.

3. **Ander verstegniiese sake**

3.1 *Hoe klink die gedig?* Bestudeer die *klank* en die *ritme* van die gedig. Is daar 'n vaste patroon?

3.2 Is daar 'n vaste *rymskema*? Watter woorde word deur die rymklanke beklemtoon? Hoe dra die klanke by tot die betekenis van die gedig? Wat is die funksie van rym?

3.3 Is daar *enjambement*? Belangriker: wat is die funksie daarvan? Help dit om die gedig meer te laat vloei of is dit eerder om die rym te verdoesel?

3.4 Is daar voorbeelde van *alliterasie* en/of *assonansie*? Wat is die effek daarvan?

3.5 Verduidelik hoe *punktuasie* betekenis skep en/of beïnvloed.

4. **Samehang**

4.1 In 'n goeie gedig moet die versreël- en strofepbou (vorm), die woordkeuse, stylfigure, en beeldspraak (styl) en die betekenis en tema (inhoud) 'n *eenheid* vorm. Bespreek hoe al die aspekte van die gedig by mekaar inpas - of dalk nie inpas nie.

4.2 Gee *jou persoonlike slotsom* oor die gedig.

Onthou: Belangriker as om al bostaande aspekte raak te sien, is om te bespreek *waarom* dit gebruik word.